

16 Oktober

Skrifgedeelte: Efesiërs 3:14-21
Fokusgedeelte: Efesiërs 3:16-18

O Almagtige Vader, vervul ons met energie om U nou voluit te dien

Dit is God se plan met die mensheid van die begin af om in hulle teenwoordigheid te wees. Die bedeling wat die naaste aan die volmaakte is, wat ons eendag sal belewe, breek vir ons aan ná Christus se kruis en opstanding. Die vrug van die versoening is die uitstorting van die Heilige Gees. Die Gees wat ons vernuwe tot nuwe mense, plaas ons in die teenwoordigheid van God. Ons kan in God se teenwoordigheid verskyn deur te bid en wat wil ons meer hê as dit op aarde? Daarom bid ons saam met Paulus:

• **God, gee ons u krag om innerlik sterk te word (vs 16)**

Voel jy op hierdie oomblik die gebrek aan opgewondenheid om Christen te wees, baie sterk aan? Voel jy kragteloos en magteloos om teen die verval en agteruitgang in jou lewe die hoof te bied? Christus wil deur sy krag en liefde in ons woon en alleen deur te bid kan en wil God aan ons die nodige energie gee om innerlik sterk te wees.

• **Gee ons insig in hoe wyd en ver en hoog u liefde vir ons strek(vs 18)**

Sonder God se versterking kan ons nie Christus in ons harte hê nie en sonder Christus in ons harte kan ons nie sy liefde begryp nie; en as ons dit nie begryp nie, sal ons nooit in der ewigheid daarin kan groei nie. Ons kan die Vader daarvoor dank dat Hy ons nie los as ons nie die liefde van Christus begryp nie, want Hy wil ons meer gee as dit. Hy wil hê dat ons iets moet belewe van die volle geluk en vreugde van God se plan met ons lewe wat die verstand te bowe gaan. As ons vervul is met God, beteken dit dat Hy ons lewens met Homself vol maak. Daarom bid ons voortdurend, dag en nag: O Almagtige Vader, vervul ons met energie om U nou voluit te dien.

Sing: Psalm 121:1

Dr. ME Schalekamp (Roodepoort)